

Verslagwaardig:	JA / <u>NEE</u>
Sirkuleer Aan Regters:	JA / <u>NEE</u>
Sirkuleer Aan Landdroste:	JA / <u>NEE</u>

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **CA & R 31/04**
Datum verhoor: / Date heard: **16/08/2004**
Datum gelewer: / Date delivered:

In die saak van:

F SMITH h/a HAMPERLINE

Appellant

en

L HOFFMAN

Respondent

Coram: Lacock R et Olivier R

UITSPRAAK

LACOCK R:

- 1] Hierdie is 'n appél teen die uitspraak van die Landdros van Britstown waarkragtens die Landdros 'n vordering van die appellant teen die respondent vir 'n bedrag van R7 663.70 van die hand gewys het met koste.

- [11] Die skuldoorsaak waarop die appellant haar vordering gegrond het, en soos blyk uit die dagvaarding, is *“vir goedere verkoop en gelewer”*.

Die verweer van die respondent hierteen is kort en bondig as volg verwoord in haar verweerskrif:

"1. Verweerder ontken dat Eiser aan Veweeder enige goedere verkoop en gelewer het gedurende 2001 en plaas Eiser tot bewys daarvan.

2. Verweerder ontken dat sy 'n bedrag van R7 663.70 aan Eiser verskuldig is uithoofde van goedere verkoop en gelewer deur Eiser aan Verweerder gedurende 2001."

In 'n eedsverklaring geliaseer deur die respondent in afwering van 'n aansoek om summiere vonnis, het die respondent egter haar verweer meer breedvoerig as volg uiteengesit:

"Ek ontken dat ek die bedrag van R7 663.70 aan Eiser verskuldig is uithoofde van goedere wat deur die Eiser / Applikant aan my verkoop en gelewer is gedurende 2001.

Ek ken glad nie vir Mej. E Smith h/a Hamperline nie.

Ek was wel 'n werknemer van Mev L Smith, De Aar vir wie ek Hampers te Britstown moes verkoop en gelde invorder.

Ek het vir kommissie gewerk en het soms R20.00 en soms R50.00 van haar ontvang wanneer ek die geld wat ek ingevorder het aan haar oorbetaal

het."

[12] Dat die verhoorhof die nodige jurisdiksie gehad het om die geskil te bereg en die *locus standi* van die partye was nie in geskil nie

2] Die Landdros het, na die aanhoor van getuienis, die volgende bevind:

"Die ooreenkoms tussen die eiseres en die verweerderes was hoofsaaklik dat die verweerderes namens die eiseres die goedere gelewer, sal verkoop. Die ooreenkoms was nie dat die verweerderes eers geld moes betaal aan die eiseres voor lewering of by lewering van die goedere nie. Die fakture uitgereik was vir die verkoop van die goedere wat deur die eiseres aan die verweerderes gelewer was. Hieruit is dit duidelik dat die verweerderes in diens van die eiseres was. Dit word ook deur die verweerderes bevestig in haar verweerskrif.

Uit die getuienis blyk dit duidelik dat die verweerderes as agent of verweerder vir die eiseres opgetree het te Britstown en het in daardie hoedanigheid die besigheid van die eiseres uitgebrei.

Die verweerderes se getuienis strook grotendeels met die weergawe van die eiseres soos vermeld, is gemene saak. Tweedens, dat sy as agent of verteenwoordiger namens die eiseres opgetree het. Derdens, haar funksionering in haar hoedanigheid as verteenwoordiger was dat sy goedere ontvang het per faktuur vanaf die eiseres, verkoop het en die gelde wat sy wel ingevorder het aan die eiseres oorbetal het. Die besigheidsverhouding tussen die verweerderes en die eiseres was dat verweerderes geag is in diens te wees van die eiseres. Stawing hiervoor is bloot gelê in die feite voor die Hof.

Die eis-oorsaak voortspruitend uit die feite in getuienis gelewer is nie vir goedere verkoop en gelewer nie, juis gesien in die lig van

hulle besigheidsverhouding wat gerugsteun word deur die regsverteenvoordinging.”

Die Landdros se redes vir vonnis verskaf ingevolge Landdroshofreël 51 (1), lees as volg:

1. *Die beweringe gemaak in die pleitstukke is dat die skuldoordsaak gebaseer word op die verkoop van goedere en die lewering daarvan deur die eiseres aan die verweerderes. Die begrip ‘skuldoordsaak’ omvat die wesenlike feite van vordering aldus Pretorius, **Burgerlike Prosesreg in die Landdroshof** op bladsy 114. By ‘n koopkontrak onderneem die verkoper om aan die koper ‘n saak te lewer en in ruil daarvoor onderneem laasgenoemde om aan eersgenoemde ‘n som geld te betaal. Hierdie vereistes moet deur die eiser bewys word ten einde te slaag in haar vordering. Die eiseres in die huidige aangeleentheid het haar nie van hierdie bewyslas gekwyt nie.*
2. *Die fakture en kwitansies uitgereik deur die eiseres aan die verweerderes is aanduidend van die besigheidsverhouding wat daar bestaan het tussen die partye. Faktuurnommer 28 en 29 dien as bewys daarvan. Faktuurnommer 28 dui die klienterekening aan waarvan die balans R7 663.70 beloop. Volgens hierdie faktuur was daar verskeie betalings gemaak waarvoor kwitansies uitgereik was. Faktuurnommer 29 dui die verweerderes se persoonlike rekening aan met ‘n uitstaande balans van R218.40. Die onderskeid wat getref word in genoemde fakture bevestig weereens die besigheidsverhouding wat daar bestaan het tussen die partye naamlik dat die verweerderes as agent namens die eiseres opgetree het. Volgens faktuurnommer 29 was daar ook ‘n vrieskas en Coke kaste aan verweerderes gelever. Weereens bewys van hul besigheidsverhouding. Ook die hoeveelheid goedere*

wat op verskillende geleenthede aan verweerderes gelever was. Al hierdie faktore is dus aanduidend daarvan dat daar nooit goedere verkoop en gelever was aan verweerderes nie maar dat die goedere wel gelever was met die doel om dit te verkoop."

- 3] Wat beslis moet word is in wese die vraag naamlik of die Landdros korrek was deur te bevind dat die appellant nie die skuldoorsaak waarop haar aksie gegrond was, naamlik die verkoop en lewering van goedere aan die respondent, op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het nie; en of die Landdros korrek was in sy bevinding naamlik dat die respondent slegs as agent namens die appellant die goedere aan haar gelever, moes verkoop.

Die beantwoording van hierdie vrae verg uiteraard 'n ontleding en evaluering van die getuienis deur die partye voor die Hof geplaas.

- 4] Namens die appellant het slegs syself getuig.

[41] Sy het getuig dat sy gedurende die tersaaklike tydperk waarin die skuldoorsaak na bewering ontstaan het, die eienares van 'n onderneming genaamd "*Hamperline*", synde 'n algemene handelaarsaak, was. Benewens algemene huishoudelike goedere en kruideniersware, het sy ook sogenaamde "*hampers*" of braaipakke bevattend

onder andere vleis of vis of hoender, verkoop.

Op 'n stadium het die respondent haar genader met die versoek dat sy (die appellant) haar help om produkte by haar te kry sodat sy (die respondent) dit weer in Britstown aan andere kon verkoop.

Die appellant het hiertoe ingestem en goedere soos versoek aan die respondent gelever waarop die respondent telkens gefaktureer is.

Dit blyk dat die goedere op krediet en nie teen kontant betaling aan die respondent gelever is. Die respondent het dan van tyd tot tyd betalings aan die appellant gedoen, welke betalings teen haar rekening gekrediteer is. Die bedrae aldus deur die respondent aan die appellant betaal het gewissel van R100.00 tot R3 670.00 per geleentheid. Die waarde van die goedere aan die respondent gelever het gewissel van R250.00 tot R7 346.00 per geleentheid. Die periode waartydens die goedere aan die respondent gelever is, het gestrek vanaf 14 Mei 2001 tot 11 Junie 2001. Die laaste betaling op hierdie rekening is deur die respondent gedoen op 26 Junie 2001.

Voorts getuig sy dat die respondent 'n bevalling

gehad het waartydens sy haar baba verloor het, maar dat die respondent onderneem het om haar te betaal uit die gelde wat sy sou vorder van persone wat weer by haar aangekoop het, en dat sy geld wat sy *“by die welsyn”* maak sou aanwend as betaling.

Die appellant het nie geweet aan wie die respondent op haar beurt die goedere verkoop het nie.

- [42] In kruisverhoor het die appellant ontken dat sy ander persone aangestel het om gelde van persone aan wie die respondent goedere sou verkoop het, te vorder. Die rede hiervoor was dat sy nie geweet het aan wie die respondent goedere verkoop het nie. Die respondent het ook nie die name van sodanige persone aan haar gegee nie. Sy het ook ontken dat die respondent in haar diens was en namens haar die goedere verkoop het. Sou dit die geval wees, sou sy nie die respondent gefaktureer het nie, maar sou sy 'n rekening vir sodanige goedere in die naam van *“Hamperline”* oopgemaak het.

Later in kruisverhoor is aan haar gestel dat sy ene Manie Hoffman sou aangestel het om gelde te vorder van persone aan wie die respondent goedere verkoop

het. Die appellant het ontken dat sy hierdie persoon aangestel het, en aangedui dat dit die respondent was wat van sy dienste gebruik gemaak het om namens haar gelde van haar kopers te vorder op 'n stadium toe sy (die respondent) nie in staat was om self te loop nie.

- 5] In haar getuienis het die respondent erken dat sy aanspreeklik was teenoor die appellant vir betaling van die koopprys van die goedere wat aan haar gelewer was deur die appellant, maar dat sy onthef is van aanspreeklikheid deurdat die appellant ene Hannes van Wyk opdrag gegee het om die gelde verskuldig aan haar (die respondent) deur persone aan wie sy goedere verkoop het, te vorder.

[51] Namens die respondent het ook haar vader, mnr Jafta Hoffman, getuig, maar - soos die Landdros tereg bevind het - het sy getuienis geensins bygedra tot die vraag of vrae ter beslissing voor die Verhoorhof nie. Vervolgens handel ek nie verder met die getuienis van hierdie getuie nie.

- 6] Die korrektheid van die rekening, fakture en kwitansies waarkragtens die balans van R7 663.70 bereken is, is nie in geskil geplaas nie. Sou dus bevind word dat die appellant

haar saak bewys het, volg dit dat sy geregtig is op vonnis in haar guns in hierdie bedrag met moratore rente daarop en koste soos gevorder.

- 7] Ek is van mening dat die Landdros verkeerdelik bevind het dat die ooreenkoms gesluit tussen die partye een was waarkragtens die respondent óf as werknemer van die appellant óf as agent van die appellant goedere aan derdes sou verkoop en dat die respondent gevolglik nie aanspreeklik teenoor die appellant was vir die koopprys van die goedere van haar ontvang nie. Myns insiens dui die getuienis op 'n oorwig van waarskynlikhede daarop dat die respondent die goedere aan haar gelewer deur die appellant, aangekoop het, en dat sy aanspreeklik was teenoor die appellant vir die betaling van die koopprys daarvan. My redes hiervoor is die volgende:

[71] Hoewel die appellant nie in soveel woorde getuig het dat sy 'n koopkontrak of koopkontrakte met die respondent gesluit het nie, is die strekking van haar getuienis alleen vatbaar vir een redelike afleiding en dit is naamlik dat sy die goedere gelewer aan die respondent, aan laasgenoemde verkoop het. Hierdie getuienis word gestaaf dur die feit dat die appellant die respondent persoonlik gefaktureer het met die aankoopprys van die goedere.

[72] Die waarskynlikhede begunstig hierdie weergawe van die appellant.

[7.21] Indien die respondent as óf werkgewer óf agent namens die appellant die goedere ontvang en verkoop het, sou ek verwag het dat die appellant een of ander vorm van kontrole sou hê aan wie die respondent die goedere verkoop, en wat die koopprys beloop waarteen sy dit aldus verkoop het. Die getuienis dui oorweldigend daarop dat die appellant geen sodanige kontrole meganisme in plek gehad het nie, en glad nie geweet het aan wie die respondent die goedere weer herverkoop het nie.

[7.22] Indien die respondent 'n werknemer of agent van die appellant was, moes sy tog óf 'n salaris óf 'n kommissie op die verdere verkoop van die goedere, vanaf die appellant ontvang het. Daar is geen sprake van sodanige vergoeding nie, en die respondent het ook nie in haar getuienis beweer dat sy op enige sodanige vergoeding geregtig was of dat dit aan haar betaal is nie. Trouens, die onbetwiste getuienis van die appellant was dat alle gelde ontvang vanaf die respondent ten volle aangewend was as krediet

teen die verskuldigde debiet balans van haar rekening.

[7.23] Die appellant het duidelik geen riglyne gestel waarkragtens of pryse bepaal waarteen die goedere aan derdes deur die respondent verkoop moes word nie. Sou die respondent as werknemer of agent van die appellant die goedere verkoop het, sou ek verwag het dat die partye hieraangaande minstens sou besin of ooreengekom het.

[7.24] Indien die respondent as agent van die appellant die goedere verkoop het, sou ek verwag het dat daar ook ooreengekom sou gewees het op die basis van die berekening van haar kommissie of vergoeding. Geen getuienis ten aansien hiervan is deur die respondent voorgelê of selfs gestel aan die appellant nie.

[73] Die respondent het uitdruklik in haar getuienis erken dat sy teenoor die appellant aanspreeklik was vir die betaling van die koopprys van die goedere. Haar getuienis naamlik dat sy as't ware onthef is van hierdie verpligting deurdát die appellant ene mnr Van Wyk aangestel het om die gelde aan haar (die

respondent) verskuldig, in te vorder, kom my onwaarskynlik voor.

[7.31] Eerstens is haar getuienis naamlik dat Van Wyk aan haar sou gesí het dat die appellant hom opdrag gegee het om die gelde te vorder, ontoelaatbaare hoorsí getuienis, en is dit nie deur Van Wyk of andersinds bevestig nie.

[7.32] Die respondent getuig self dat die appellant haar meegedeel het dat sy nie Van Wyk aldus opdrag gegee het nie. Ten spyte hiervan, beweer sy het sy haar lys van debiteure aan Van Wyk oorhandig. Hierdie beweerde gedrag vind ek totaal onwaarskynlik.

[7.33] Ten spyte van haar bewering dat Van Wyk opdrag vanaf die appellant ontvang het om haar debiteure te vorder, poog sy nietemin steeds self om by die ouetehuis van persone aan wie sy goedere verkoop het, gelde te vorder. Waarom sou sy dit doen as die appellant haar onthef het van haar betalingsverpligtinge en 'n ander persoon aangestel het om haar gelde te vorder.

Dit blyk in elk geval – selfs op die getuienis van

die respondent – dat Van Wyk in sy eie naam goedere vanaf die appellant aangekoop het wat hy weer aan andere in Britstown verkoop het, en soos getuig deur die appellant. Dit kom dus voor dat Van Wyk slegs sy eie gelde gevorder het.

[7.34] In soverre die respondent getuig het dat sy haar lys van debiteure aan die appellant oorhandig het, was sy duidelik leuenagtig hieraangande. Afgesien daarvan dat sy vaag en ontwykend was en selfs nie in staat was om op vrae ten aansien van waar en wanneer sy die lys aan die appellant oorhandig het te antwoord nie, het sy eers beweer dat sy die lys aan Van Wyk gegee het, en daarna weer getuig dat sy dit aan die appellant gegee het.

Dit is ook nooit aan die appellant gestel dat die respondent haar lys van debiteure aan die appellant oorhandig het nie.

[74] Ek meen nie dat, soos die Landdros bevind het, die verskil in die fakture uitgereik aan die respondent en waarvan in sommige slegs die naam van die respondent voorkom en in ander haar naam tesame

met die woord “*persoonlik*”, noodwending aanduidend daarvan is dat die respondent ‘n werknemer of agent van die appellant was nie.

[7.41] Eerstens is hierdie verskil in die fakture nooit deur die appellant tydens die verhoor verduidelik nie, en is sy ook nie gevra hetsy tydens die aflí van haar getuienis in hoof of selfs onder kruisverhoor, om die verskil te verduidelik nie.

[7.42] Tweedens het ook nie die respondent enigsins getuig of beweer dat hierdie verskil aanduidend is daarvan dat sy as werknemer of agent van die appellant die goedere ontvang het nie.

[7.43] Om, sonder dat hierdie aspek hoegenaamd in die getuienis aangespreek is, daarvan die afleiding te maak dat hier ‘n agentskapverhouding of – ooreenkoms tussen die partye bestaan het, is myns insiens ongeregverdig en hoogstens spekulatief van aard.

Hierdie verskil sou eweneens die gevolg kon wees van ‘n versoek deur die respondent self

om vir haar eie doeleindes 'n onderskeid te maak tussen goedere wat sy vir haar eie gebruik aankoop, en daardie goedere wat sy aankoop vir her-verkoop.

- 8] Uit hoofde van die voorgaande is ek van mening dat die appellant op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat sy die goedere soos vermeld in die tersaaklike fakture in die pleitstukke vervat, aan die respondent verkoop en gelewer het, en dat die respondent die bedrag soos gevorder aan haar verskuldig is.

Bygevolg slaag die appél en word die volgende bevel verleen:

- I. **Die bevinding van die Hof *a quo* word ter syde gestel en vervang met die volgende:**

"(a) **Die verweerderes word gelas om aan die eiseres te betaal die bedrag van R7 663.70 tesame met rente daarop *a tempore morae* vanaf 6 Maart 2002 tot datum van betaling van die voormelde bedrag.**

b) Die verweerderes word gelas om die koste van die eiseres te betaal."

II. Die respondent word gelas om die appellant se koste van appél te betaal.

Hj Lacock
REGTER

Ek stem saam.

CJ Olivier
REGTER

Namens appellant:

Namens respondent: